Grootste pizzaoond vir liefdadigheid gebou

Deur **Nazley Wilschutt** | **09 Mei 2020 10:41**

Midde-in die inperking kan mense nou deel word van 'n Guinness-wêreldrekordpoging en só help om geld vir liefdadigheidsorganisasies in te samel.

Luidens 'n verklaring gaan 'n plaaseienaar van Hopefield en 'n plaaslike onderneming kragte saamsnoer om die grootste pizzaoond in die wêreld te probeer bou en kan mense en ondernemings 'n baksteen vir liefdadigheid borg.

Burger van den Berg en die eienaars van die Plaasmol-padstal, wat op sy plaas is, gaan dié pizzaoond met 'n binnemaat-deursnee van 3,4 m bou.

Luidens 'n verklaring het dié padstal aan die Weskus in 2011 geopen en is hulle passievol oor die omgewing en die gemeenskap.

"Die projek is 'n Guinness-wêreldrekordpoging en die publiek en ondernemings kan deel word daarvan deur 'n baksteen vir liefdadigheid te borg," lui die verklaring.

Die geld wat ingesamel word, sal aan die Siyabonga-sorgsentrum, Mfesane en Hope Farm geskenk word, almal liefdadigheidsorganisasies wat na onder andere mense met gestremdhede omsien.

"Van die geld sal ook aan Hakim Swartz geskenk word wat gestremd is nadat hy amper verdrink het."

Hakim (3) het 'n ernstige breinbesering opgedoen nadat hy meer as 'n jaar gelede amper in die gesin se swembad verdrink het.

Rig navrae aan www.plaasmol.co.za of stuur 'n e-pos na pizza@plaasmol.co.za.